# ’n Ontvanklike hart

## Matt 13:1-23

# Matt 13:1-23 (AFR53)

1 EN op daardie dag het Jesus uit die huis
uitgegaan en by die see gaan sit. 2 En groot
menigtes het by Hom vergader, sodat Hy in 'n
skuit geklim en gaan sit het. En die hele skare
het op die strand gestaan. 3 En Hy het baie
dinge deur gelykenisse tot hulle gespreek en
gesê: 'n Saaier het uitgegaan om te saai; 4en
terwyl hy saai, val 'n deel langs die pad, en die
voëls het gekom en dit opgeëet.

# Matt 13:1-23 (AFR53)

**5** En 'n ander deel het op rotsagtige plekke
geval waar daar nie baie grond was nie; en
dadelik het dit opgekom, omdat daar geen
diepte van grond was nie;
6 maar toe die son opgaan, is dit verskroei,
en omdat dit geen wortel gehad het nie, het
dit verdroog.
7 En 'n ander deel het in die dorings geval,
en die dorings het opgekom en dit verstik.

# Matt 13:1-23 (AFR53)

**8** En 'n ander deel het in die goeie grond geval
en vrug opgelewer: die een honderd-, die ander
sestig-, die ander dertigvoudig.
9 Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!
10En die dissipels het gekom en vir Hom gesê:
Waarom spreek U tot hulle deur gelykenisse?
11Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit
aan julle gegee is om die verborgenhede van
die koninkryk van die hemele te ken, maar aan
hulle is dit nie gegee nie.

# Matt 13:1-23 (AFR53)

**12** Want hy wat het, aan hom sal gegee word,
en hy sal oorvloed hê; maar hy wat nie het nie,
van hom sal weggeneem word ook wat hy
het.13 Daarom spreek Ek tot hulle deur
gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie
sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of
verstaan nie. 14En aan hulle word die profesie
van Jesaja vervul wat sê: Met die gehoor sal
julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal
kyk en kyk, en glad nie sien nie

# Matt 13:1-23 (AFR53)

15 Want die hart van hierdie volk het stomp
geword, en met die ore het hulle beswaarlik
gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat
hulle nie miskien met die oë sou sien en met
die ore hoor en met die hart verstaan en
hulle bekeer en Ek hulle genees nie.
16 Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle
sien; en julle ore, omdat hulle hoor.

# Matt 13:1-23 (AFR53)

17 Want, voorwaar Ek sê vir julle, baie
profete en regverdiges het begeer om te sien
wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om
te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor
nie. 18 Luister julle dan na die gelykenis van
die saaier. 19 As iemand die woord van die
koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die
Bose en roof wat in sy hart gesaai is — dit is
hy by wie langs die pad gesaai is.

# Matt 13:1-23 (AFR53)

**20** En by wie op rotsagtige plekke gesaai is —
dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met
blydskap aanneem; 21maar hy het geen
wortel in homself nie, hy is net vir 'n tyd, en as
daar verdrukking en vervolging kom ter wille
van die woord, struikel hy dadelik. 22 En by
wie in die dorings gesaai is — dit is hy wat die
woord hoor, maar die sorg van hierdie wêreld
en die verleiding van die rykdom verstik die

# Matt 13:1-23 (AFR53)

woord, en hy word onvrugbaar.
23 En by wie op die goeie grond gesaai is — dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer: die een honderd-, die ander sestig-, die ander dertigvoudig.

# Jak 1:19-25 (AFR83)

19 My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou:
elke mens moet maar te gewillig wees om te
luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad
word nie. 20'n Mens wat kwaad word, doen nie wat
voor God reg is nie. 21Daarom moet julle al die
sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so
welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat
God in julle geplant het, want dié woord kan julle
red. 22Julle moet doen wat die woord sê en dit nie
net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.

# Jak 1:19-25 (AFR83)

23Iemand wat altyd net die woord aanhoor en
nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na
sy gesig in 'n spieël kyk: 24 hy bekyk homself,
gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik
hoe hy gelyk het. 25 Maar iemand wat hom
verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens
vrymaak, en hom daaraan hou en nie vergeet
wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal
gelukkig wees in wat hy doen.

# Jak 1:19-25 (AFR83)


19 My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou:
elke mens moet maar te gewillig wees om te
luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad
word nie. 20'n Mens wat kwaad word, doen nie wat
voor God reg is nie. 21Daarom moet julle al die
sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so
welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat
God in julle geplant het, want dié woord kan julle
red. 22Julle moet doen wat die woord sê en dit nie
net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.

# Matt 13:1-23 (AFR53)

23 En by wie op die goeie grond gesaai
is — dit is hy wat die woord hoor en
verstaan, wat dan ook vrug dra en
oplewer: die een honderd-, die ander
sestig-, die ander dertigvoudig.

# 2 Tim 4:2-5 (AFR53)

“2 verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig;
weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid
en lering; 3 want daar sal 'n tyd wees wanneer
hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar,
omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir
hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens
hulle eie begeerlikhede, 4 en die oor sal afkeer
van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. 5
Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen
die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening


I AM THE WAY
THE TRUTH & THE LIFE
NO ONE COMES TO THE FATHER
EXCEPT THROUGH ME
JOHN 14:6